

# Openbaring



Bybelstudie 7: Hoofstuk 8

# 1: Wat is die betekenis van die halfuur stilte?

Trek aandag! Dis in die hemel – dus → gelowiges moet krag by God vind vir die gebeure wat nou gaan volg. Biddend volhard.

# 2: Wat is die doel van wierook by die offer? Wat sê die Ou Testament?

Aangename geur. In die Ou Testament, in die hitte, mens nie altyd wel geruik. In God se teenwoordigheid moet dit aangenaam wees.

[3] Gebede op die GOUE altaar. Eksodus – hierdie altaar in Heilige van die tempel, daar die reukofferaltaar.

[4] Gebede met die reukwerk. Jou gebed is vir God aangenaam!

# 3: Waarom word die kole op die aarde uitgegooi?

Let op: wat is op die altaar? Kole + wierook + gebede.

Kole: assosieer met vuur. Reiniging maar ook oordeel.

Aarde: kerk (144000) en res van bewoners van die aarde.

Stemme, weerlig, donderslae, aardbewing: God se teenwoordigheid (Eks 19:16).

Dus: Kerk moet biddend wees as God na die aarde kom vir die oordeel.

# 4: Wat is die verband tussen die eerste vier seëls (hoofstuk 6) en die eerste vier trompette / basuine?

Wit perd (evangelie verkondig!)

Rooi Perd (geen vrede)

Swart Perd (sosiale wanbalans)

Vaal perd (dood  $\frac{1}{4}$ )

Hael, vuur, bloed –  $\frac{1}{3}$  van die plante getref

Vuur, bloed –  $\frac{1}{3}$  van die see word bloed

Vuur –  $\frac{1}{3}$  van riviere word bloed

Lig getref –  $\frac{1}{3}$  van hemelliggame

Dus: die oordeel begin – veral met die klem op die vaal perd.

**5: Watter waarde moet ons daaraan heg dat daar in 6:8 gepraat word van 'n kwart en in hierdie hoofstuk van 'n derde? Kan ons dit letterlik verklaar?**

$\frac{1}{4}$  word  $\frac{1}{3}$ . Meer intens.

Ons kan dit nie letterlik verklaar nie, omdat dit nie geografies aangedui word nie. Hier word nie gesê dat 'n spesifieke land of plek getref word nie.

## 6: Wat is die effek van elk van die vier trompette / basuine?

Hael, vuur, bloed –  $\frac{1}{3}$  van die plante getref. Plante gee lewe aan die diere.

Vuur, bloed –  $\frac{1}{3}$  van die see word bloed. See – heidendom, skeepvaart (weer later behandel)

Vuur –  $\frac{1}{3}$  van riviere word bloed. Riviere – water aan mensedom.

Lig getref –  $\frac{1}{3}$  van hemelliggame: ligbronne.

# 7: Wat is die troos / boodskap vir ons in hierdie gedeelte?

Daar is GEEN waarborg dat dit wat die aarde tref, nie ook die gelowiges gaan beïnvloed nie.

Daar is wel voorsorgmaatreëls wat ons kan tref! Waak en bid!

God is in beheer van die oordeel – dis nie maar onbeheersde rampe en oordele nie.

Onthou: ons is verseël. Niks kan ons skei van die liefde van God in Christus nie!